John Vorsterplein MKI 84/82. A1 A31

NR. K153405T ADJUDANT/OFFISIER WALTER MACPHERSON VERKLAAR IN AFRIKAANS :

1.

Ek verklaar dat die volgende verklaring nadie beste van my wete en oortuiging waar is en dat ek die verklaring doen met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word ek vervolg kan word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek weet vals is of nie glo waar is nie.

2.

Ek is 'n Adjudant-offisier in die S.A. Polisie en verbonde aan die Veiligheidstak te John Vorsterplein.

3.

Ek het vyftien jaar diens en is werksaam op die tweede vloer van die polisieselle te John Vorsterplein sedert 1977-08-13. Die tweede verdieping van die selgebou huisves die Veiligheids-polisie se aangehoudenes.

4.

My pligte op die tweede vloer is:-
(1) Veilige bewaring van die aangehoudenes.
(2) Aandag te skenk aan die klagtes van die aangehoudenes.
(3) Toesien dat hulle daagliks was.
(4) Bewaring van hul persoonlike eiendom.
(5) Toesien dat hulle daagliks liggaamlike oefeninge kry.
(6) Toesien dat die landdroste en/of inspekteurs die regte persone spreek.
(7) Die byhou van 'n nie-amptelike register wat die volgende besonderhede lewer:-
(a) Naam van aangehoudene.
(b) Datum.
(c) Of hy/sy gewas het.
(d) of hy/sy die maaltye vir die dag gekry het.
(e) Gesondheidstoestand.
(f) Handtekening van aangehoudene.
(g) Opmerkings deur Polisie.
(h) Handtekening van Polisiebeampte.

Die besonderhede vanaf para. (a) tot (f) word deur die aange-houdene in sy eie handskrif aangebring.
'n Gesertifiseerde afdruk van hierdie register ten opsite van dr. Neil Aggett word aangeheg.

5.

Ek verrig my dienste vanaf 07h30 tot 16h00 van Maandag tot Vrydag.

6.

Op 82-01-04 gedurende die oggend, het dr. Aggett wie 'n aan-gehoudene in terme van art. 6(1) van die Wet op Terrorisme, was aan my gemeld dat sy rug seer voel en gevra of ek nie 'n pyntablet vir hom gehad het nie. Ek het hom gesê dat ek hom liewers dokter toe wou stuur, maar hy het gemeld dat hy nie 'n dokter wou spreek nie en slegs 'n pyntablet wou hê. Hy het my ook meegedeel dat hy lankal rugprobleme het. Ek het aan dr. Aggett 'n Brufen 200 mg pyntablet gegee wat hy gedrink het. Ek het daarna op 82-01-05, 1982-01-06, 1982-01-07 en 82-01-08 elke dag 'n Brufen 200 mg pyntablet aan dr. Aggett gegee.

John Aggett ... 8+pg 82. 113



113

'n Toepaslike inskrywing was in die register gemaak.

7.

Dr. Aggett het nooit aan my gemeld dat hy enigsins aangerand was nie.

8.

Die laaste keer wat ek vir dr. Aggett lewend gesien het was op 82-02-04 tussen 15h30 en 16h00 toe hy vanaf ondersoek terug na die selle gebring was. Dr. Aggett het heeltemal normaal voorgekom m.a. soos wat ek hom daagliks gesien en leer ken het. Ek het niks abnormaal opgemerk nie. Dr. Aggett was altyd 'n stil persoon.

9.

Dr. Aggett was in sel no. 209 aangehou met selregisternommer 3004/12/81 as verwysing.

10.

Elke sel het 'n houtdeur opgevolg deur 'n traliewerk met 'n traliehek wat ongeveer 'n meter weg is van die houtdeur. Die traliedeur word gesluit met 'n seldeursleutel en 'n ketting en hangslot. Die sleutel van die hangslot word bewaar in die kantoor van kol. Olivier van die Veiligheidspolisie. Elke oggend nadat ek aan diens gerapporteer het gaan haal ek die sleutels uit die kantoor en hou dit in my besit totdat ek van diens gaan wanneer ek dit terugneem na kol. Olivier se kantoor vir bewaring. Hierdie prosedure was ook gevolg op 82-02-04. Die duplikaatsleutels word in 'n verseëlde sakkie in die aanklagtekantoor gehou vir bewaring vir noodgevalle. Daar was altesaam 2 draadringe met onderskeidelik 14 hangslotsleutels (waarvan een gebreek is) en 33 hangslotsleutels, (waarvan 9 gebreek is). Daar is ook twee kantoorsleutels aan laasgenoemde ring.

| | |
|---|---|
| 1. Is u vertroud met die inhoud van bostaande verklaring en begryp u dit? | 1. Do you know and understand the contents of the declaration? |
| Antwoord........Ja.. | Answer................ |
| 2. Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed? | 2. Do you have any objection to taking the prescribed oath? |
| Antwoord.....Nee | Answer................ |
| 3. Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete? | 3. Do you consider the prescribed oath to be binding on your conscience? |
| Antwoord .....Ja.... | Answer............... |
| A. Ek sertifiseer dat bogemelde vrae aan my gestel was en my antwoorde daarop soos hierbo weergegee in my teenwoordigheid neergeskryf is. | A. I certify that the above-mentioned questions were put to me and that the answers thereto as reflected above were written down in my presence. |

........ Handtekening van verklaarder/Signature of declarant

| | |
|---|---|
| B. Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy weet en verstaan wat die inhoud van die verklaring is en dat hierdie verklaring is bindend ... en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring. | B. I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this declaration which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence. |

........ C. J. A. VICTOR

Kommissaris van Ede/Commissioner of Oaths

Volle voorname en van / Full first names and surname ........ (DRUKSKRIF/BLOCK LETTERS)

Amp (rang) / Designation (rank) KAPTEIN ........ Ex officio Republiek en Suidwes-Afrika / Republic and South-West Africa

Besigheidsadres / Business address ........

(Straat adres moet vermeld word/Street address must be stated)

Datum / Date ........ Plek / Place ........

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.